# Resensies


- Nel, A. 2003. **Op soek na God … buite die kerk?** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*J.M. Vorster*) .......... 577
- Vorster, N. 2003. **Kerk en menseregte binne 'n regstaat.** Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
  (*P.J. Strauss*) .......... 579
- Spangenberg, I.J.J. 2002. **Perspectives on the Bible. God's Word in ordinary language.** Pretoria : Protea Book House.
  (*A.J. Krüger*) .......... 583
- Janson, M. & König, A. 2002. **God, ek kan nie meer nie!** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*C.F.C. Coetzee*) .......... 587
- Joubert, S. 2003. **Dit kos guts om te bly glo.** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*F.P. Viljoen*) .......... 589

# Resensies

**NEL, A.** 2003. **Op soek na God ... buite die kerk?**
Wellington : Lux Verbi.BM. 192 p. Prys: R69,95. ISBN 0-7963-0142-5.

**Resensent:** *J.M. Vorster*
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

Sedert die sewentigerjare van die vorige eeu is baie navorsing gedoen en boeke geskryf oor die verskynsel dat mense die geïnstitueerde kerk verlaat en hulleself identifiseer as gelowiges "buite die kerk". Benaminge soos "buite-kerklike Christendom", "kerk-buite-die-kerk" en "gedistansieerde kerklikheid" het die lig gesien. Sommige mense het hulleself beskou as "nie-praktiserende Christene" –'n benaming waarmee hulle wou aandui dat hulle nie deelneem aan enige georganiseerde kerklike aktiwiteite nie. Die wetenskaplike navorsing van Sölle, Goddijn, Dekker, Meads, Moltmann, Küng, Anderson, Edwards, Wuthnow en vele ander oor hierdie verskynsel is wyd bekend. In bogenoemde boek bespreek Nel ook die probleem van gelowig wees buite die kerk onder die term "kerkverlating".

Hy stel dat hy primêr skryf vir kerkverlaters; dat hy nie op alles antwoorde aanbied nie en dat die boek nie bedoel is om 'n wetenskaplike bydrae te wees nie. Hy maak ruim gebruik van e-posbydraes van mense wat die kerk verlaat het en redes vir die stap aanbied. Verder vertel hy ook van eie negatiewe ervarings in die kerk asook van mededelinge van vriende. Hy maak ook op populêre wyse gebruik van standpunte van bekende teoloë tydens gesprekke en uit geskrifte. Myns insiens lê die groot probleem van die boek juis in hierdie metodologie. Al word 'n saak populêr-wetenskaplik bespreek, ontneem dit die skrywer nog nie van die verantwoordelikheid van diepgang, prinsipiële oorweging, genuanseerdheid in stellings, geldigheid van afleidings, balans en billikheid nie. Die boek wek te veel die indruk dat van kerke en gelowiges karikature gemaak word en dat die karikature dan beveg word.

Die metodologiese leemte lei tot groot gebreke in die boek en hierdie gebreke kan soos volg aangedui word:

- Daar is baie min prinsipiële leiding in die boek. ’n Groot probleem lê daarin dat die skrywer nie sy kerkbegrip duidelik definieer nie. Soms praat hy van kerklike vergaderings as “die kerk” en ander kere blyk dit dat hy die predikante as “die kerk” sien. By enkele geleenthede wys hy wel op die gelowiges as die kerk. ’n Duidelike omskrywing van die begrip “kerk” is uiters noodsaaklik as oor die motiewe en kritiek van die kerkverlaters gepraat word. Meestal sien hulle die kerk as ’n organisasie buite hulleself waarvan hulle iets moet ontvang. Die dienskarakter van die Christelike geloof kom sodoende nie tot sy reg nie. Sonder ’n duidelike kerkbegrip kan die kritiek op die kerk nie geëvalueer word nie. Dieselfde prinsipiële oppervlakkigheid kom ook na vore in die uiters oorsigtelike bespreking van sake soos die uitverkiesingsleer, die wil van God en die gesag van die Skrif. Oor hierdie standpunte sou ’n mens ’n lang diskussie kon voer. Om die kritiek van kerkverlaters op hierdie leerstukke by wyse van enkele pennestrepe te regverdig, oortuig nie – selfs nie in ’n populêre boek nie.
- Die boek getuig ook nie van ’n historiese perspektief nie. Die skrywer noem die verskynsel van kerkverlating die “grootste krisis ooit”. Deeglike werke oor die onderwerp dui egter aan dat die kerk reeds in die geskiedenis soortgelyke probleme beleef het. Die kerkgeskiedenis toon die getye van eb en vloed in die lewe van die gemeenskap van gelowiges, skryf Latourette. Enige bespreking van die betekenis van die kerk in ’n bepaalde situasie moet rekening hou met die historiese konteks van die kerk. Ook die oplossings wat aangebied word, moet in die lig van die geskiedenis gekontroleer word. So byvoorbeeld word in die boek geen melding gemaak van die groot oplewing wat baie gemeentes in verskeie kerkverbande tans beleef nie. Navorsers wys op verskeie faktore waarom hierdie gemeentes groei. Een daarvan is juis die behoefte by mense aan Skrifprediking wat rus op die aanvaarding van die gesag van die Skrif! Die navorsing van iemand soos E. Gibbs gee in hierdie verband waardevolle inligting.
- As leser het ek die boek uiters negatief en neerdrukkend ervaar. Hierdie gewaarwording kan toegeskryf word aan die feit dat die skrywer taamlik ruim gebruik maak van ongenuanseerde analises (byvoorbeeld p. 38, 55 en 92) en eensydige beklemtoninge in sy verwoording van die kritiek van kerkverlaters. Soms blyk dit ook dat hy die standpunte van sy respondente inspan voor die wa van sy eie negatiewe ervarings in die kerk. Hy neig ook om telkens ’n *ekstreme* voorbeeld aan te bied as die *normale* reël (byvoorbeeld p. 57).
- ’n Groot leemte is dat hy nie die kerkverlaters se beskouinge krities ontleed nie en besware te maklik as geldig aanvaar. Navorsing toon duidelik aan dat kerkverlating die gevolg is van die sekulariserings-

proses wat op sommige vlakke in die moderne samelewing voltrek word. Nel se fokus is so ingestel om die kerk verantwoordelik te hou vir kerkverlating dat hy hierdie belangrike komponent waarskynlik nie raaksien nie. Hierdie feit spreek duidelik uit sy stelling op p. 92 waar hy konkludeer: *"Uiteindelik staan kerkverlating nie op die rekening van die kerkverlaters nie, maar rus dit op die gewete van die kerk."* Hierdie stelling deurstaan nie die toets van gebalanseerdheid en kundigheid ten opsigte van die saak nie. Uiteindelik verval die boek in niks meer nie as 'n siniese relaas oor die gebreke van gelowiges en van gemeentes. Daarom val die boek vas in probleemstelling.

Die boek hanteer 'n belangrike en aktuele saak. Die skrywer het egter nie genoeg navorsing gedoen om die onderwerp billik en gebalanseerd te behandel nie. Die oorsigtelikheid, negatiwiteit en eensydigheid bring mee dat die boek nie 'n bydrae lewer tot probleemoplossing ten opsigte van die saak wat bespreek word nie.

**VORSTER, N.** 2003. **Kerk en menseregte binne 'n regstaat.**
Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 538 p.
Prys: R130,00. ISBN 0-620-30426-X.

**Resensent:** *P.J. Strauss*
(Universiteit van die Vrystaat)

Hierdie omvangryke werk wat in sy oorspronklike vorm waarskynlik as proefskrif gedien het vir die verkryging van 'n Th.D.-graad in Dogmatiek aan die PU vir CHO, pak 'n baie aktuele, uitdagende tema vir die kerk in die hedendaagse Suid-Afrika aan. Die werk self bevestig dit en almal wat met wetgewing, regspraak en die algemene denkklimaat in Suid-Afrika te doen kry, weet dit: menseregte is 'n sentrale tema in die Suid-Afrikaanse opset na 1994.

Hoewel Vorster se aanpak algemeen van aard is, spits hy hom in die besonder toe op die Handves van Regte in die grondwet van Suid-Afrika en die implikasies daarvan vir die samelewing. Sy bytrek van die woord "regstaat" in die titel spruit uit 'n breë vertolking of tipering van die soort staat wat Suid-Afrika vandag is, naamlik dat Suid-Afrika 'n regstaat is omdat nie die parlement nie, maar die grondwet soos geïnterpreteer deur die howe, die hoogste gesag in die staat is. Vorster toon insiggewend aan hoe die grondbeginsels wat die Handves onderlê, naamlik menswaardigheid, gelykheid en vryheid (in hierdie volgorde) bedoel is om staatswetgewing, hofbeslissings én die optrede van die burgers van

hierdie land teenoor mekaar te bepaal. In hierdie situasie kan die kerk, aldus Vorster, nie 'n afsydige of kloosterposisie inneem nie – veral nie as menseregte in die breë, nie net humanisties nie, maar ook Christelik en gereformeerd gefundeer kan word. Volgens hom is dit deel van die koninkryksgetuienis van die kerk in die samelewing en 'n nuttige aanknopingspunt of gemeenskaplike grond vir die gesprek tussen kerk en staat.

Vorster se aanpak bestryk 'n breë terrein. Hy begin met die geskiedenis van menseregte in Suid-Afrika. Hierdie geskiedenis word aangevul met 'n oorsig oor die ontwikkeling van die idee van menseregte wêreldwyd en 'n aantal Christelike tradisies en ekumeniese liggame se hantering daarvan. Hierna word die grondwaardes van die Suid-Afrikaanse grondwet vanuit teologiese perspektief ontleed. Ten slotte kom die kerk se profetiese roeping ten opsigte van die vestiging van 'n "etos van menseregte", eers teenoor die owerheid en daarna in die Suid-Afrikaanse samelewing, aan die beurt.

Die werk is deeglik en uitvoerig en spog daarom ook met 'n uitgebreide bronnelys van nie minder nie as 48 bladsye. Hiervoor het Vorster nie net bloot gekyk na menseregte en 'n Christelike fundering en kerklike bevordering daarvan nie. Hy het ook breedvoerige navorsing gedoen oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse verhoudingsproblematiek, oor regs- en filosofiese aspekte in die ontwikkeling van die idee van menseregte en in die huidige Suid-Afrikaanse grondwet van 1996 (hy weerspieël 'n goeie gebruikskennis van sleutelhofsake in Suid-Afrika ná die oorgangsgrondwet van 1993 en die grondwet van 1996), die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament vanuit die kader van die verbond, die historiese en kerkregtelik-prinsipiële kante van die stelreël "kerklike sake op kerklike wyse" en die taak van die kerk binne die koninkryk.

'n Hoogtepunt is hoofstuk 5 (286 e.v.) waar hy dit het oor menswaardigheid, gelykheid en vryheid in die lig van die Skrif. In die kern hiervan sien hy die mens as beelddraer en verteenwoordiger van God op aarde wie se regte voortvloei uit sy verantwoordelikheid om voor God sekere pligte of opdragte na te kom. Hy (en sy) is immers geskep om aan hulle "struktuurmoontlikhede" gestalte te gee, as kroon van die skepping te funksioneer en medemenslikheid en meervoudigheid – in terme van manlikheid en vroulikheid – te openbaar. Daarvoor het hulle regte ontvang, waaronder die fundamentele of "eerste generasiereg" op lewe. Elders beweer Vorster dat menswaardigheid, gelykheid en vryheid vanuit 'n Skriftuurlik oogpunt as "relasionele" begrippe beskou moet word. Die ware aard daarvan kan slegs in 'n herstelde verhouding met God na vore kom (339, 340). Die Christelike vertrekpunt vir menseregte

verskil byvoorbeeld van die klassieke humanisties-individualistiese menseregte-ideaal van die *Aufklärung*. Waar die *Aufklärung* menseregte ontologies (en boonop optimisties omdat die sondige mens die norm word) vanuit die blote bestaan (of geboorte) van die mens vertolk, interpreteer die Christen menseregte vanuit God. Hierin speel begrippe soos skepping, sondeval en verlossing in Christus en vanuit die verbond ’n sentrale rol.

Vorster tree krities in gesprek met etlike skrywers en op verskillende punte. Hyself vertoon egter ook sekere leemtes wat verdere debat noodsaak.

Een van die kernprobleme in die lig van sy tema is sy skynbare onvermoë om sy gereformeerde vertrekpunte só na konkrete bepalings in ’n handves van regte deur te trek dat dit die wortelverskil met ’n humanistiese benadering illustreer – ’n verskil wat nie net “ondergronds” is nie. Hy hanteer die Handves van Regte feitlik kritiekloos sonder om die vraag of dit vanuit ’n Christelike hoek nie anders bewoord kan word nie, te ondersoek. Die vraag is: is ’n kritiese ontleding van die Handves dan nie ook deel van die kerk se opdrag in sy kritiese solidariteit teenoor menseregte nie (463 e.v.)?

In die lig hiervan moet sy verwysings na apartheid ook verstaan word. Die oorsprong van apartheid en ’n sosiale stratifikasie aan die Kaap voer hy oorvereenvoudig terug na ’n Europese kulturele chauvinisme en rassisme wat geweier het om die gelyksbeginsel in die samelewing te aanvaar (12, 17, 29 e.v.). Trouens, vir hom is sosiale geregtigheid eenvoudig = die erkenning van fundamentele regte = demokratiese waardes (165 e.v.). Daarenteen was apartheid gewettigde onreg (112 e.v.). Die kritiese vraag is: as substansiële gelykheid die oogmerk van die Handves, die wetgewer en die howe in Suid-Afrika is, waarom by wyse van voorbeeld, nie algemene stemreg uitbrei na mense onder 18 jaar oud nie? Of is hulle nie so gelyk soos die mense wat ’n dag of twee of ’n maand ouer as hulle is nie? Was die Khoi-Khoi in die sewentiende eeu werklik die gelykes van die Europeërs in terme van die destydse Europese staatsmodelle en samelewings én ’n verantwoordelike instandhouding daarvan? Is hierdie verskille alleen terug te voer na ’n afkeurenswaardige “gewaande” Europese meerderwaardigheidgevoel en hulle verontregting van die gekleurdes aan die Kaap? Hoekom was hierdie soort verskille dan van meet af aan daar? Dit wil voorkom asof die gelykwaardigheid van alle mense voor God by Vorster somtyds onkrities daarop uitloop dat almal verder in praktyk ongekwalifiseerd gelyk is, terwyl hy elders toegee dat mense nie in alle opsigte altyd gelyk is nie (288, 339e.v.) én dat sy begrip van menseregte in die toepassing daarvan ook elemente van die konteks verreken (249).

Die onderskeid tussen kerk en koninkryk kom nie helder uit die verf by Vorster nie. Sy kritiek op Kuyper suggereer telkens dat die kerk die Christelike deel van die samelewing is wat die beginsels van die koninkryk deur middel van die Woord dra en dat die bestaan van Christelike politieke partye die Christelike beginsel met politieke beginsels – wat blykbaar nie Christelik kan wees nie – kan vermeng (353 e.v.). Hy noem die kerk ook die "besondere gesagsfeer van God" (403). Só gestel, klink dit byna self na Kuyper se dualistiese besondere en algemene genade – 'n saak wat Vorster afwys! Bowendien, Christelik en koninkryksmatig beskou, is die politiek tog nie *per se* onchristelik nie.

Hierdie leemte kan ook die rede wees waarom hy die Handves van Regte bloot Christelik fundeer en dit nie ook intrinsiek probeer reformeer nie. Gaan jy menseregte ooit "kersten" as jy die begrip met sy konkretisering net so behou? Dieselfde probleem is waarskynlik ook die rede waarom hy 'n staatsowerheid wat vir 'n Christelike geregtigheidsbeleid in 'n godsdienstig plurale samelewing kies, by implikasie van onregmatige dwang of godsdienstige onverdraagsaamheid beskuldig (341). Hy onderskei in hierdie opsig nie tussen die Christelike godsdiens in die kerklike sin van die woord en 'n Christelike geregtigheids- of politieke idee wat verskil van 'n humanistiese menseregte-idee as norm vir juridiese geregtigheid of die reg soos toegepas deur die staat nie. Enige owerheid wat in die saal is, dwing sy bevolking deur sy monopolie van die historiese swaardmag om sy idee van die reg of geregtigheid – wat nooit neutraal nie en altyd waardegedrewe is (vgl. 249) – in die grondwet en in wetgewing te gehoorsaam. 'n Christelike geregtigheidsidee sal in 'n religieus-plurale samelewing die kwessie van godsdiensvryheid vooropstel en, indien nodig afdwing, omdat kerk en staat elk 'n eie taak in terme van sy eie struktuurnorme het. Dit is vanuit 'n Christelike oogpunt juis hierdie geregtigheidsidee wat aan die regte van mense 'n bepaalde gestalte gee en wil gee.

Hierdie oortuiging speel ook deur in die standpunt van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode oor menseregte, sonder dat Vorster enige blyke gee dat hy die belang daarvan opvang. Sy evaluerende stelling dat die dokument van hierdie Sinode min "konkrete waarde" het omdat dit nie voorstelle "wat werklike praktiese gevolge het" bevat nie, dui ironies genoeg, eerder op 'n kernprobleem in sy eie aanpak (188-193).

Dit alles neem nie weg dat Vorster 'n belangrike standaardbydrae lewer om aan die gesprek momentum te gee nie. Vir enigeen wat dit ernstig bedoel met die rol van die gereformeerde kerke in die Suid-Afrika van vandag, sal hierdie boek nuttige stof tot nadenke gee. Die skrywer en uitgewer verdien 'n pluimpie vir die publikasie hiervan.

**SPANGENBERG, I.J.J.** 2002. **Perspectives on the Bible. God's Word in ordinary language.** Pretoria : Protea Book House. 133 p. Prys: R99,95. ISBN 1-86919-023-8.

**Resensent:** *A.J. Krüger*
(Gereformeerde Kerk Benoni)

## Ter inleiding

Hierdie boek is die Engelse weergawe van *Perspektiewe op die Bybel. God se woord in mensetaal*, in 1998 uitgegee deur J.L. van Schaik, Pretoria. Die inhoud van die boek sal dus reeds aan baie lesers bekend wees.

## Die doel van die boek

Spangenberg gee in hoofstuk 1 'n duidelike uiteensetting van sy doelwitte met die boek. In hoofsaak gaan dit daaroor dat daar nie meer onder Christene 'n eenvormige siening van die Bybel is nie. Dit bring verwarring by gelowiges teweeg. Die verskuiwing wat plaasgevind het, is vanaf 'n siening dat die Bybel die Woord van God is, na 'n siening dat die Bybel God se Woord in mensetaal is, na 'n standpunt dat die Bybel woorde oor God is, of geloofsgetuienisse van mense wat lank gelede geleef het (p. 9). Verder is dit so, volgens Spangenberg, dat verskillende mense verskillende sienings oor hierdie saak huldig. En daarom wil hy aan sy lesers verduidelik waarom daar verskillende sienings oor die Bybel bestaan en waar hierdie verskillende sienings hulle oorsprong het (p. 10). In hierdie doel slaag hy myns insiens op 'n wyse wat enige leser, selfs sonder teologiese agtergrond, inderdaad sal help om te verstaan waar hierdie sienings vandaan kom en die essensie van die argumente sal help verstaan. Hy wil ook 'n kontemporêre Bybelbeskouing formuleer, en aantoon dat die Bybel inderdaad nie 'n nuttelose boek is nie, maar ons grootliks kan help in ons eie nadenke oor God (p. 10). Die Bybel is egter nie 'n *book of law* wat gebruik kan word om oordele oor ander mense te regverdig nie. Daarom word die boek uiteindelik 'n tipe apologie vir 'n Skrifbeskouing wat die Bybel nie as die geïnspireerde Woord van God aanvaar nie.

## Paradigmaverskuiwings

In hoofstukke 2 tot 4 verduidelik Spangenberg onderskeidelik die teorie van paradigmas in die wetenskap, dan die paradigmaverskuiwings wat in die teologie plaasgevind het, en laastens gee hy voorbeelde van hoe hierdie paradigmas neerslag vind in eksegese. Vir iemand wat 'n basiese insig in die debat oor Skrifgesag wil hê, maak hierdie hoofstukke dit

alreeds die moeite werd om die boek te lees. Die inhoud is bevatlik en op ’n populêrwetenskaplike wyse gestel.

Dit was aanvanklik Thomas Kuhn wat die teorie vir paradigma-verskuiwings geformuleer het (p. 11). Die kern van die teorie is dat vooruitgang in wetenskaplike kennis nie geleidelik of inkrementeel plaasvind nie, maar met groot spronge. Dit gebeur omdat wetenskaplikes ’n teorie of paradigma formuleer en die probleme op ’n spesifieke terrein dan vanuit hierdie raamwerk of paradigma probeer verklaar of oplos. Wanneer die paradigma egter begin toon dat dit gebreke bevat, en veroorsaak dat die betrokke paradigma nie die probleme op die vakgebied kan oplos nie, is daar (gewoonlik ’n jong) navorser wat ’n nuwe paradigma formuleer (p. 11), wat antwoorde gee op vrae wat tevore onopgelos was. Hierdie persoon, of sommige van sy volgelinge, sal ’n standaardwerk opstel, wat deur ander wetenskaplikes gebruik word. Wetenskaplikes sal met die nuwe paradigma werk, totdat weer gevind word dat die paradigma nie alle vrae kan beantwoord nie, en ’n nuwe paradigma gevolglik geformuleer word. ’n Nuwe paradigma veroorsaak gewoonlik aanvanklik weerstand, maar word later in die wyer kring van wetenskaplikes aanvaar. Die nuwe paradigma bewerk ’n rewolusie in die betrokke vakgebied. ’n Voorbeeld hiervan is die Kopernikaanse paradigma op die gebied van die astronomie, wat die siening oor die heelal verander het vanaf ’n geosentriese wêreldbeeld na ’n heliosentriese beskouing (p. 12).

In hoofstuk 3 verduidelik Spangenberg paradigmaverskuiwings in die teologie. Hy begin met die **Reformasie**, en verduidelik dat die Bybel ook ’n belangrike plek ingeneem het in die Rooms-Katolieke Kerk. Die grootste verskil tussen die Protestantse en Rooms-Katolieke Kerk was dat Rome uitgegaan het van die standpunt dat net die pous en kerklike vergaderings die Bybel reg kan verstaan, terwyl die Protestante geleer het dat elke gelowige die Bybel kan lees en reg verstaan (p. 16-17). Hierdie idee van die deursigtigheid van die Skrif berus op die letterlike lees van die Bybel (p. 17), teenoor die vorige model wat gewerk het met die letterlike en figuurlike verstaan van tekste. Binne dié model kan die figuurlike betekenis weer onderskei word in ’n allegoriese, ’n morele en ’n anagogiese verstaan van die teks (p. 43). Die gereformeerde belydenisskrifte vorm die basiese standaardwerk van hierdie paradigma (p. 17).

Die **rasionele en histories-kritiese** paradigmaverskuiwing het gevolg op die paradigma van die Reformasie (p. 18). Daar was twee probleme wat nie deur die reformatoriese paradigma opgelos kon word nie, naamlik die realiteit van wetenskaplike navorsing wat ’n ander wêreldbeeld reflekteer as wat in die Bybel geteken word, en tweedens het

mense se ervaring van God nie perfek ooreengestem met die Bybelskrywers se siening van God nie (p. 18). Die krisis in die teologie is deur drie sekulêre paradigmaverskuiwings tot ’n hoogtepunt gebring. Die *Kopernikaanse teorie* (deur Galileo Galilei gepropageer) het tekste soos Josua 10:12-14 (die son wat stilgestaan het) in gedrang gebring. Volgens dié teorie is die Bybel duidelik verkeerd, en kan dit nie gebruik word as ’n bron vir wetenskaplike kennis nie (p. 19). Die *Kartesiaanse filosofie* was volgende aan die beurt om die krisis in die teologie te verdiep. Hierdie filosofie het as basis dat die menslike brein gebruik moet word om dinge te bevraagteken, omdat jy net seker is van jou bestaan as jy dinge bevraagteken (p. 20) – *cogito ergo sum*. Die invloed van hierdie siening op die teologie was ingrypend. Dit het aanleiding gegee tot ’n kritiese benadering tot die Skrif, waar alles bevraagteken is (p. 20). Die Reformatoriese kerke het hierop gereageer met die **Protestantse Ortodoksie**. Wanneer ’n paradigma nie meer al die vrae kan antwoord nie, gebeur dit gewoonlik dat wetenskaplikes die paradigma aanpas, om wel te kan antwoord op die vrae (p. 21). Die Ortodoksie was so ’n poging, en het ’n inspirasieleer ten opsigte van die Bybel geformuleer. Volgens Spangenberg hou dié leer in dat die Bybelskrywers nie soos gewone mense geskryf het nie, maar “like divine people” (p. 22). Daarmee wou hierdie teoloë aantoon dat die Bybel werklik God se Woord is. Ander teoloë (Bekker, De Spinoza) het egter die nuwe paradigma begin gebruik: Bekker redeneer dat sekere Bybelse uitsprake tydgebonde is, hoewel ander meer blywende betekenis het (p. 23). De Spinoza was ’n Joodse filosoof en stel dat God homself nie in die Ou Testament geopenbaar het nie, maar dat die Bybel (Ou Testament) die Joodse siening van God weerspieël. Hy lê ook klem op die verstaan van ’n teks binne konteks, sowel as op die skrywers van die Bybelboeke, waar Moses byvoorbeeld nie die Pentateug se outeur is nie. Daar was ook ’n derde ontwikkeling wat meegehelp het tot die volgende paradigmaverskuiwing in die teologie, naamlik ’n *veranderde geskiedenisbeskouing*. Die nuwe kritiese benadering het ook vrae ten opsigte van geskiedbeskrywing na vore gebring. Die resultaat was dat die Middeleeuse kronologie, van ’n aarde geskape in 4004 v.C., nie meer aanvaar is nie. Die gevolg was dat die Bybel nie meer gebruik kan word as ’n bron van geskiedskrywing nie (p. 25). Daar word besef dat die Bybelboeke nie as ’n eenheid gesien kan word nie, en dat verskillende Bybelboeke verskillende kulturele en godsdienstige beskouinge oor God bevat. Die Bybelskrywers kon nie skryf wat God gesê het nie, omdat Hy nie hoorbaar met hulle gepraat het nie (p. 25). Die Bybel bevat dus menslike perspektiewe en interpretasies van die geskiedenis (p. 26). Hierdie ontwikkelinge gee aanleiding tot die bronnehipoteses ten opsigte van die Ou Testament (J, P, D & E) en Nuwe Testament (Sinoptiese Evangelies se Q-bron, ensovoorts (p. 27)). Die argeologiese ontdekkings

van die laat negentiende eeu wys daarop dat die Bybelse geskrifte maar gewoon deel uitmaak van 'n groter versameling Midde-Oosterse literatuur (p. 29).

Die nuutste paradigmaverskuiwing hou verband met die **moderne literatuurteorie**, waar aan die leser self 'n aktiewe rol gegee word in die lees en verstaan van literatuur, ook die Bybel (p. 31–32). Binne dié benaderingswyse is die rolle van karakters in die verhaal belangrik vir die verstaan van die teks (p. 32).

Spangenberg se konklusie is dat moderne navorsing aangetoon het dat die Bybel "a collection of ancient Near Eastern religious literature" is (p. 33). Die eenvoudige feit dat die geosentriese wêreldbeskouing verkeerd bewys is, veroorsaak dat die nuwe paradigmas in die teologie meer geloofwaardig is as die model van die Reformasie (p. 35). Omdat die Bybel mense se nadenke oor God is, kan dit nie gesagvolle antwoorde gee op vrae soos aborsie, homoseksuele regte, doodstraf (p. 39) of goedkeuring van die vroue in kerklike ampte gee nie (p. 107). Die Bybel is slegs die brondokument ("foundational document") vir die Christendom (p. 39 & 109). In hoofstuk 4 gee Spangenberg 'n oorsigtelike toepassing van die verskillende paradigmas op 'n seleksie van teksgedeeltes, en in hoofstukke 5 en 6 pas hy die paradigmas toe op Jona en Daniël. Vir Spangenberg bly God onkenbaar, omdat Hy "onbeskryfbaar" (p. 111) is, ook deur Bybelskrywers. Iemand kan slegs weergee hoe hy God ervaar. Daar bestaan dus geen "influistering" deur God aan die Bybelskrywers sodat ons God uit die Skrif kan leer ken nie (p. 112). Die Bybel bevat geen tydlose voorskrifte aan die mens nie (p. 112).

## Beoordeling en aanbeveling

Soos reeds bo aangetoon, is die waarde van hierdie boek geleë in die bevatlike uiteensetting wat dit gee van die ontwikkelinge in Skrifbeskouing. Spangenberg identifiseer homself met die nuwer paradigmas. Dit is duidelik dat baie reformatoriese teoloë hulleself nie sal vind binne hierdie paradigmas nie. 'n Besondere punt van kritiek op Spangenberg is dat hy nie ontwikkelinge binne 'n reformatoriese Skrifbeskouing verdiskonteer nie, en iets van 'n karikatuur van die reformatoriese Skrifbeskouing gebruik om 'n grammaties-historiese interpretasie van die Skrif af te skiet. Omdat God nie in die oor van die Bybelskrywers gefluister het nie, is dit wat hulle skryf nie geïnspireerd nie. 'n Organiese inspirasieleer werk glad nie met "influisteringe" nie. Verder lê Spangenberg se betoog die uiteindelike armoede van die moderne teologie bloot – daar word gewerk met 'n onkenbare God, oor wie daar bloot gespekuleer kan word. Daarteenoor bely ons die kenbaarheid van God, en die moontlikheid van interaksie met Hom. Daar kan ook maar gelet

word op die feit dat dit 'n baie kort tree is vanaf die Bybel as "geskrifte oor hierdie onkenbare God" na die god van die Nuwe Reformasie, wat onder andere die verlossingswerk in Jesus Christus ongedaan maak (vgl. I Kor. 15:17) deur die soeke na die "historiese Jesus", die ontkenning van Jesus se opstanding uit die dood en die rol wat aan die sogenaamde "gemeenteteologie" toegeken word in die vergoddeliking van Jesus. 'n Mens sou inderdaad kon sê dat die boek dit duidelik maak dat die paradigmaverskuiwings sedert die Reformasie die grondwerk gelê het vir die Nuwe Hervorming.

Hoewel alle lesers dus nie sal saamstem met die konklusies wat Spangenberg trek nie, is die boek aan te beveel vir enige persoon wat 'n bevatlike oorsig wil hê oor wat die moderne teologie regtig sê.

**JANSON, M. & KÖNIG, A.** 2002. **God, ek kan nie meer nie!**
Wellington : Lux Verbi.BM. 96 p. Prys: R49,95. ISBN 0-79630-107-7.

**Resensent:** *C.F.C. Coetzee*
(Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

Hierdie boek waarvan Murray Janson en Adrio König die gesamentlike outeurs is, is geskryf as 'n vervolg op die boek van König, *God, waarom lyk die wêreld so?* Laasgenoemde werk het meer spesifiek gehandel oor die oorsprong en doel van lyding in hierdie lewe, terwyl die publikasie, *God, ek kan nie meer nie*, wil fokus op die vraag hoe ek lyding moet hanteer, soos die subtitel ook direk aandui. Die publikasie handel dus oor 'n baie aktuele tema waarmee talle gelowiges worstel, soos ook blyk uit die briefwisseling en konkrete voorbeelde wat in die boek behandel word.

Die boek is in vyf hoofstukke verdeel waarvan König die eerste twee geskryf het en Janson hoofstukke 3-5. Janson het sy gedeelte voltooi slegs 'n paar dae voor sy dood op 23 Mei 2002. Die boek word ook afgesluit met 'n persoonlike getuienis van Janson en 'n getuienis van sy dogter Charlotte wat by sy begrafnis gelewer is. Dit is besonder gepas dat König die boek aan Murray Janson se weduwee Retha en haar dogters opdra.

Hoofstuk 1 behandel die vraag: "Hoe hanteer jy jou lyding" en word ingelei met 'n briefwisseling tussen König en 'n leser van sy boek *God waarom lyk die wêreld so?* In hierdie hoofstuk word onder andere aandag gee aan die kwessie van die verhouding tussen sonde en lyding,

verskillende vorms van lyding, tipiese maniere waarop mense lyding hanteer, en wonderwerke.

In Hoofstuk 2 word gefokus op die wyse waarop verskillende mense in die Bybel hulle lyding gehanteer het. König gee onder andere aandag aan Adam en Eva, Job en Jeremia, die volk in die ballingskap, ensovoorts. Hy laat hom in sy keuse van persone lei deur die feit dat "dit tipiese maniere is waarop mense vandag nog hul lyding probeer hanteer".

In Hoofstuk 3 stel Murray Janson dié vraag aan die orde: "Hoe hanteer mense vandag lyding?" Hy behandel dié vraag aan die hand van twaalf verhale van mense met wie hy in sy spreekkamer en tydskrifrubrieke te doen gekry het.

Hoofstuk 4 handel oor die verwerking van lyde en Janson konsentreer veral op die verskillende fases waardeur mense in die hanteringsproses gaan (skok en ontkenning, woede, onderhandeling, depressie, aanvaarding). Die hoofstuk sluit af met die behandeling van drie verwerkingstake, naamlik om met jou gevoelens in aanraking te kom; om jou gevoelens uit te sorteer; om nuwe lewensmoontlikhede te skep en weer te begin leef.

Die kort slothoofstuk gee raad aan iemand wat 'n lydende wil of moet bystaan. Negatief en positief word vyf moontlike wyses van bystand aan die orde gestel: Moenie "preek nie; moenie verklarings aanbied nie; moenie die persoon laat skuldig voel nie; moenie probeer raad gee nie; moenie die persoon bederf nie.

Die boek bevat baie mooi perspektiewe. Hier kan onder andere verwys word na König se behandeling van sonde en lyding (hoofstuk 1.4), sy verklaring van Psalm 73 (hoofstuk 2.2), ensovoorts. Die persoonlike getuienis van Murray Janson is aangrypend.

Die grootste meriete van hierdie boek is myns insiens te vind in hoofstukke 4 en 5, waar Janson die groeiproses in die hantering van lyding behandel en beklemtoon en konkrete verwerkingstake uitspel, asook wyse advies gee met die oog op die bystand aan iemand wat ly.

Hoewel die boek wil fokus op die hantering van lyding, is dit opmerklik dat juis die kwessie van die oorsprong en doel van die lyding ook weer telkens na vore kom. En dit is juis rondom hierdie sake dat daar heelwat vrae gevra kan word. König stel dit byvoorbeeld baie skerp dat God nie lyding beskik nie, onder andere op p. 13, 16, 17 (alhoewel hy toegee dat veral in die Ou Testament alles aan God toegeskryf word). Duidelike Skrifuitsprake wat die teendeel verkondig, soos onder andere Psalm 139

(onder andere vs 16), Genesis 50:20, Romeine 8:28, die optrede van Judas Iskariot en Pilatus, ensovoorts, word nie verdiskonteer nie. Hier kan ook verwys word na die belydenis van ons kerke in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 10. König behandel wel Matteus 10:29-31 (p. 24) maar slegs vanuit die perspektief van God se sorg. Die vraag is of dit die enigste perspektief is. Sy siening van die duiwel se optrede in die geval van Job word ook nie deur alle Skrifverklaarders gedeel nie. En die verklaring van Hebreërs 12 (p. 55/56) bevredig nie, veral in die lig van verse 6 en 10. Ruimte ontbreek om verdere vrae aan die orde te stel.

Wat sy eie dood betref, het Murray Janson op aangrypende wyse getuig dat dit die Here is wat hom kom haal (p. 96). Waarom sou hy dan in die geval van ’n kind wat sterf, sê dit is ’n leuen om dit sommer aan die Here toe te skryf (p. 91)? Op ’n ander plek (p. 69) erken Janson dat wat hy glo, “maar ’n menslike teorie oor lyding is”.

Die boek bevat ook uitdrukkings wat myns insiens lesers kan verwar en misverstand kan wek. Dit word byvoorbeeld aanvaar dat König die Godheid van Christus bely en handhaaf. Tog sê hy op p. 57 dat Christus *“op die een of ander manier”* voor sy geboorte al bestaan het en dat daar *“selfs sprake”* is daarvan dat Hy gelyk aan God en self God was.

Samevattend kan gesê word dat die boek vir gelowiges wat worstel met die raaisel en hantering van lyding positiewe betekenis kan hê, mits dit krities gelees word en daar nie verwag word om antwoorde te kry op alle vrae oor die komplekse verskynsel van lyding in hierdie lewe nie.

Die boek is in verstaanbare taal geskryf en lees maklik. Dit is toeganklik vir enige leser. Ongelukkig was die eksemplaar wat tot my beskikking gestel is, swak gebind.

**JOUBERT, S.** 2003. **Dit kos guts om te bly glo.**
Wellington : Lux Verbi.BM. 126 p. Prys: R59,95. ISBN 0-7963-0150-6.

**Resensent:** *F.P. Viljoen*
(Skool vir Bybelwetenskappe & Bybeltale, PU vir CHO)

Die skrywer sluit aan by die ervaring van talle Christene dat dit nie altyd maklik is om in die drie-enige God te glo nie. Die lewe se swaarkry, onsekerheid, vrees, skuldgevoelens en pyn kan ’n mens se lewe dreineer. Hy waarsku tereg teen ’n welvaartsgodsdiens wat talle kits-oplossings voorskryf vir moeilike vraagstukke van die lewe. Veral

wanneer ’n gelowige ’n ernstige terugslag beleef, kan sodanige benadering iemand ernstig teleurstel en selfs laat wanhoop.

Stephan Joubert groepeer dertig dagstukkies rondom temas wat die agt hoofstukke van die boek vorm:

- Gewone gelowiges maak ’n verskil
- Om God in ’n hoek in te glo
- Daar is plek vir twyfelaars by God
- Vers 2 van die evangelie: Swaarkry!
- Geloof agter die doringdraad
- Die moed om in God te glo
- Stroomop-geloof
- Toets God

Elke dagstukkie begin met die aanhaling van ’n teks uit die Bybel. Die skrywer bied nie diepgaande verklarings van die teksgedeeltes nie, maar sluit eerder tematies by die inhoud daarvan aan. In aansluiting hierby word die situasie van die teksgedeeltes binne die Bybel selde verreken.

Dit is nie werklik duidelik hoe die eerste hoofstuk (“Gewone gelowiges kan ’n verskil maak”) by die geheel van die publikasie inpas nie. Moontlik het die skrywer ’n tipe “super-gelowiges” in gedagte waarteen hy waarsku.

Soos reeds uit die taal van die titel blyk, is die publikasies populêr van aard. Dit geld praktiese voorbeelde waarna verwys word en taalgebruik.

’n Aantal ongewone uitdrukkings en redenasies word gebruik wat vreemd mag voorkom. Enkele voorbeelde hiervan is die volgende:

- “Toe Jesus in ’n hoek in geglo is” (p. 28). Die skrywer verwys dan na die Kanaänitiese vrou wat “Jesus op die ou end in ’n hoek in gepraat en geglo het, sodat Hy uiteindelik geen ander keuse gehad het as om haar haar sin te gee nie” (p. 29). Daar word gestel dat na die woorde van die vrou “was Jesus in ’n hoek. Hy het nie meer teenantwoorde gereed gehad nie” (p. 30).
- Paulus sou nog ’n verkeerde wederkomsverwagting gehad het toe hy sy eerste brief aan Tessalonika geskryf het (p. 121). Hy het wel tot ander insigte gekom soos wat uit sy tweede brief aan Timoteus blyk.
- “Volgens die Bybel lê God net een toets aan wat jy moet slaag om in sy goeie boekies te kom”. Hy noem dan dat ’n mens in Christus as

Here moet glo. “Doen jy dit, het jy die belangrikste toets in die heelal met vlieënde vaandels geslaag” (p. 124).

Hierdie tipe uitdrukkings en beskrywings gee blyke van dalk ’n te gedwonge poging om in ’n populêre styl te skryf.

In hierdie populêre trant gebruik die skrywer ook hier en daar populêre clichés oor die kerk en geloof. Hy skryf onder andere van mense in die kerk se geheime diens wat soos duikbote is, maar wat Sondae stilweg na die oppervlak toe kom om nuwe voorrade by die kerk in te neem, net om die res van die week weer onder die oppervlak te verdwyn (p. 88).

Afgesien van hierdie enkele kritiese opmerkings, is die publikasie goed bruikbaar. Dit is gerig op die populêre mark en spesifiek op mense wat deur een of ander beproewing gaan. Daar word duidelik aangetoon dat ’n gelowige rekening moet hou met swaarkry, onsekerheid, vrees, skuldgevoelens en pyn. Troos word gebied vir twyfelaars en worstelaars deur hulle daarop te wys dat daar ook plek is vir hulle by God. Die skrywer begelei pastoraal en simpatiek die bedoelde leser in sy of haar geloofsworsteling.

## Boeke ontvang

- Den Hertog, G.C. 2003. **Hoop die leven doet. Over de samenhang van eschatologie en ethiek**. Apeldoorn : Koninklijke Drukkerij, Callenbach. 41 p. Prys: E6. ISBN 90-75847-14-9.
- Dreyer, Danie. 2003. **Lééf jou gemeente regtig?** Wellington : Lux Verbi.BM. 103 p. Prys: R529,95. ISBN 0 7963 0122 0.